

Resensie

Reinaard die vos: 'n Vrye vertaling van Van den vos Reynaerde **Protea, 2023**

Vertaal en berym deur H.J. Pieterse

Jerome Coetzee

Die storie oor Reinaard die vos is al oor en oor vertel, die beroemdheid van die karakter strek oor genres, vertalings en 'n verskeidenheid van vertellings. Prof C.H.F. Ohlhoff noem die volgende in sy inleiding tot H.J. Pieterse se nuwe vertaling en beryming van die Middelnederlandse *Van den vos Reynaerde* in Afrikaans: “dit word trouens vandag nog deur baie beskou as die mees uitnemende stuk letterkunde wat ooit in Nederlands geskryf is” (7). Ohlhoff beklemtoon ook dat daar sowel as “teksuitgawes in alle formate en soorte, minstens duisend akademies gefundeerde publikasies, 'n oorvloed vertaling en navertellings” oor hierdie verhaalgewee bestaan (7). Só verskyn daar ook onlangs *ReinAard* (2025), 'n moderne verwerking deur Tom Lanoye.

Die oorspronklike skrywer van die Middelnederlandse weergawe van die verhaal is net bekend as Willem, tog kry hy prominensie deur die gebruik van vetdruk en hoofletters aan die einde van die verhaal: “Willem se skrywerskap word bevestig deur die akrostigon (lettervers) aan die einde van die Comburgse Handskrif: BIWILLEME” (Ohlhoff, 18).

Wat die strekking van die verhaal betref, die vos Reinaard wil nie verskyn voor die koning nie, as gevolg van al die klagtes teen hom. Daar is 'n hele paar oortredinge waarvan hy beskuldig word. Aldus Pieterse se verwerking: “Al die diere, groot en klein, het toe na die koning se hof gekom in vaart, behalwe slegs die vos, Reinaard. Hy het by die hof soveel misdrywe gepleeg dat hy nie daarheen beweeg nie” (48-53). Tog word Reinaard nie net as boosaard beskryf aldus Ohlhoff (11) nie:

'n Meer genuanseerde interpretasie is dat Reinaard as 'n dubbelsinnige figuur beskou is: weliswaar wreed, verdorwe en vals, maar ook imponerend, fassinerend en selfs simpatiewekkend omdat hy die twyfeagtige mag en voorgee aan die hof aan die kaak stel.

Wanneer Reinaard wel by voor die koning verskyn, besluit hy om sy straf te probeer vryspring deur die gulsigheid van die koning te benader met leë

beloftes. Reinaard gebruik deurgaans die begeertes van diegene om hom om hulle te mislei en homself te bevorder. Deurlopend is dit dus die begeertes van ander wat lei tot hulle mislukking. Reinaard is deeglik bewus van hoe ander se begeertes 'n soort bate vir hom is om te misbruik. Ohlhoff skryf oor Reinaard se manipulasie van die koning soos volg: “Alhoewel Nobel nie heeltemal gerus is nie, vergewe hy Reinaard op voorspraak van die koningin (en as gevolg van gierigheid)” (9). Ohlhoff noem verder, “Terwyl hy (Reinaard) met sy slinkse en dikwels wrede optrede sy vyande se swakhede uitbuit en hulle laat ly.” (10-11)

Die ironie van Reinaard se naam is dat dit soms verwys na iemand met 'n rein hart of rein van hart. Ohlhoff noem die volgende:

Een verklaring vir die naam 'Reinaard' is 'sterk in die gee van raad', maar ander voorstelle is 'rein van aard' of 'rein van hart'. Hierdie betekenis kan as ironies en/of meerduidig gelees word. Reinaard is enersyds geslepe en listig, maar hy het tog goeie raad vir sy gesin om hulle te beveilig en versorg – al is dit ook deur Koewaard (die 'lafaard') vir hulle as ete voor te sit! Sy 'reinaadigheid' en 'reinhartigheid' is ook op sy gesin gemik, maar nie op byvoorbeeld Bruin en Tibeert nie, terwyl hy aan die ander kant die korrupsie en magsbelustheid van Nobel en sy hof ontmakser. Die hedendaagse Franse term vir 'vos' is 'renard'. (11)

Van Reinaard se 'sondes' blyk ter wille van sy en sy familie se oorlewing te wees – hy is moontlik meer 'rein van hart' as wat die ander diere glo. Soos Ohlhoff noem: “Tog is daar ook 'n ander sy aan Reinaard, te wete sy besorgdheid oor en versorging van sy gesin” (11). Hy voeg by: “Die diere hou vir luisteraars/lesers 'n spieël voor wat hulle geestelik uitdaag” (14). Die samelewing het mense nog altyd forseer om te veg vir oorlewing – dikwels deur wandade te pleeg. Hier lê die volwasse les van die teks.

Ohloff noem dat Reinaard die vos ook verskyn in die tradisionele Jakkals-en-Wolf-kinderstories in Afrikaans en Suid-Afrika (8). Die wêreld van mites en fabels bevat inderdaad dikwels dierekarakters. Die oorspronklike weergawe van Reinaard se verhaal kan vandag voorkom soos 'n verhaal vir kinders, maar is bedoel vir volwasse lesers – so ook Pieterse se vertaling.

Pieterse se vertaling bevat vloeiende verse wat bydra tot die geslaagheid van hierdie teks – veral vir lesers wat metrum en rym geniet in die letterkunde. Pieterse noem in die Vertalersnota (49) die volgende oor die rymskema wat hy gebruik en die proses om dit te laat vloei om by die oorspronklike teks se doeleindes te hou:

My eerste weergawe was 'n letterlike, reël-vir-reël-vertaling. In 2021 het ek die vertaalde teks begin berym en maande op hierdie klanklike aspek spandeer. Ek wou nie volrym afdwing op 3469 paarrymende reëls nie en dit verklaar verskeie halfryme in die eindrymposisie. [...] Ná afhandeling hiervan het die teks se interne pendulum weer geswaai na ritmies-metriesse kwessies en die volgende fase van die projek is daaraan gewy om 'n basiese vierheffingsversreël daar te stel en vol te hou. Die metrum is nie konsekwent reëlmatig nie en ek speel, soos Willem [...]

Pieterse gebruik dus spesifieke tegnieke om die patrone in die teks te vind en die speelse kant van die teks te verhef. Hy maak dit só toeganklik vir verskillende lesers. Ohloff se inleiding situeer die teks meer binne die navorsingsveld van Middeleeuse letterkunde. Die leser kry so die historiese konteks van die teks, agtergrond oor karakters ensovoorts. Dit gee die leser 'n idee van die belangrikheid van die teks binne wêreldletterkunde.

Universiteit van Suid-Afrika